# PREEKOPSOMMING:

# PREEKREEKS: HOE LYK GOD?

# TEMA 3: GOD SE HANDE

# SKRIFLESING: JEREMIA 32:17 & JEREMIA 18: 1 – 10

1. As ons praat van God se hande weet ons Sy arm, hand & vingers werk as 'n eenheid. Jer. 32:17. Deur U uitgestrekte arm het U die hemel en aarde gemaak. Psalm 8:4. As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het.

2. **God se hand is 'n hand van:**
    1. Rigting
    2. Dissipline
    3. Beskerming
    4. Voorsiening

3. Deut. 26:8 - Die Here het ons uit Egipte uitgelei deur 'n sterk hand en 'n uitgestrekte arm.

4. Die hand van God is die bevestiging van Sy wil. Dit bevestig Sy Almag.

5. In Jeremia 18: 1 – 6 kry ons die storie van die Pottebakker

6. 1. **Hy weet wat Hy wil maak**
   Jer. 1:5 - Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel.

7. 2. Sy plan met jou is soos die pottebakker wil.
   Jer. 18:4 sê die voorwerp wat Hy wou maak het misluk.

8. **Belangrik**
   God is Pottebakker
   Ons is klei
   Wiel is Sy wil in ons lewens

9. Sy plan is Jer. 29:11 Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!

10. In Jer. 18 is die rede vir die misluk Israel se eie wil, hulle ongehoorsaamheid aan God. Hulle mislukking was as gevolg van hulle sonde en verkeerde keuses.

11. Vers 15 – My volk het My vergeet

12. God se hand sal jou seën maar dieselfde hand sal jou tugtig

13. Hebr. 12:5, 5 & 7 - "My kind, moet dit nie gering ag as die Here jou tug nie en moenie mismoedig word as Hy jou teregwys nie, 6 want die Here tug hom wat Hy liefhet, Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem." 7 Verdra die tug as opvoeding, want God behandel julle as sy kinders. Is daar miskien 'n kind wat nie deur sy vader getug word nie?

14. In 2 Sam. 24 sondig Dawid

15. Nog 'n rede hoekom die klei misluk het is dalk die vreemde voorwerpe in dit.

16. Tot Hy jou in die oond sit
    Tog is dit nie die vuur wat die pot sterk maak nie.
    Dit is die Pottebakker se vorming voorafwat stabiliteit gee.

17. Soos die klei in die pottebakker se hand so is julle in my hand!